GRONDWET

GRAAN SA

Soos goedgekeur tydens die 2018 Kongres

INHOUD

GRONDWET

1. Naam.....
2. Status .....
3. Doelstellings .....
4. Bevoegdhede .....
5. Lidmaatskap en Ledegelde.....
6. Organisatoriese Samestelling .....
7. Plaaslike Graanbedryfstakke en Studiegroepe .....
8. Streeksindeling: Kommersiële Streke .....
9. Die Hoofbestuur.....
10. Samestelling en Verkiesing van Hoofbestuur.....
11. Vakatures in die Hoofbestuur.....
12.. Kwalifikasies van die lede van die Hoofbestuur .....
13. Setel .....
14. Magte en pligte van die Hoofbestuur.....
15. Dagbestuur van die Hoofbestuur .....
16. Vergaderings van die Hoofbestuur en besluitneming met geweegde stemme
17. Dienstermyn van Hoofbestuurslede, Voorsitter en Visevoorsitters
18. Ontruiming van amp as lid van die Hoofbestuur.....
19. Beëindiging van lidmaatskap van Hoofbestuur .....
20. Komitees**/**werkgroepe van die Hoofbestuur.....
21. Regshandelinge namens GRAAN SA .....
22. Die Kongres.....
23. Funksie van die Kongres .....
24. Samestelling van die Kongres.....
25. Buitengewone Kongres.....
26. Voorsitter en 2 (twee) Visevoorsitters .....
27. Vakatures in ampte van Voorsitter en Visevoorsitters .....
28. Leningsbevoegdhede en Spesiale Magtiging.....
29. Finansies en Rekordhouding .....
30. Skadeloosstelling.....
31. Wysiging van Grondwet en Ontbinding.....

REGULASIES

R1 Lidmaatskap .....
R1.1 Aansoekvorm
R1.2 Inhoud van aansoekvorm
R1.3 Oorweging
R1.4 Inwerkingtreding
R1.5 Lederegister
R1.6 Beëindiging van Lidmaatskap
R2 Kennisgewings .....
R2.1 Versending
R2.2 Kongresse
R2.3 Versuim
R3 Ledegelde en Heffings.....
R3.1 Kennisgewing van ledegelde en bedryfsheffings
R3.2 Tydstip van betaling
R4 Prosedure vir Kongres .....
R4.1 Beskrywingspunte en sakelys vir Kongres en aanstelling van Agendakomitee
R4.2 Kworum en konstituering van Kongres
R4.3 Verdaging van Kongres
R4.4 Stemming en besluitneming tydens Kongres
R4.5 Staking van stemme en beslissende stem deur Voorsitter tydens Kongres en Hoofbestuur
R4.6 Verteenwoordiging
R4.7 Kworum vir vergaderings van die Hoofbestuur, Dagbestuur en Komitees/Werkgroepe
R4.8 Stemming en besluitneming tydens Hoofbestuursvergaderings: geweegde stemme
R5 Organisatoriese funksionering van Plaaslike Graanbedryfstakke, Studiegroepe en Streekbesture.....
R5.1 Plaaslike graanbedryfstakke en studiegroepe
R6 Publikasies .....
R6.1 Maandblad
R6.2 Outeursreg
R7 Nominasie en verkiesing van Voorsitter en 2 (twee) Visevoorsitters tydens Kongres
R7.5 Afwesigheid van Voorsitter by Hoofbestuursvergaderings
R7.6 Dringende sake vir hantering deur Voorsitter
R7.7 Gaste by vergaderings van Hoofbestuur of Werkgroepe van Hoofbestuur
R7.8 Koöptering in Hoofbestuur of werkgroepe van Hoofbestuur
R8 Komitees/werkgroepe .....
R9 Spesialisbediening .....

R10 Finansies en Rekordhouding .....
R10.1 Rekeningkundige Rekords
R10.2 Ouditeur
R10.4 Begroting
R11 Ontruiming van ampte in Hoofbestuur.....

Hoofstuk 3: Definisie en Uitleg

GRONDWET
VAN
GRAAN SUID-AFRIKA

1. **NAAM:**

1.1 Die naam van die vereniging is GRAAN SUID-AFRIKA.

1.2 Die verkorte naam van die vereniging is GRAAN SA.

2. **STATUS:**

2.1 GRAAN SA is 'n outonome spesialiteitsorganisasie sonder winsoogmerk wat binne die raamwerk van hierdie grondwet funksioneer ter bevordering van die belange van graanprodusente in Suid-Afrika.

2.2 GRAAN SA is 'n vrywillige vereniging van persone, opgerig vir die doelstellings en met die magte en bevoegdhede hierin uiteengesit. GRAAN SA is 'n regspersoon wat onafhanklik van sy lede bestaan en is die selfstandige draer van regte en verpligtinge. GRAAN SA is in staat om enige regshandeling te verrig en kan in sy eie naam enige regsgeding aanhangig maak, voer of bestry in enige hof, en word by enige sodanige regshandeling of regsgeding deur sy Hoofbestuur of deur enige persoon of persone wat behoorlik deur die Hoofbestuur daartoe gemagtig is, verteenwoordig.

2.3 Die aanspreeklikheid van lede vir die skulde van GRAAN SA is beperk tot die bedrag van 'n lid se onbetaalde ledegelde en enige ander bedrae deur die lid aan GRAAN SA verskuldig.

3. **DOELSTELLINGS:**

Die doelstellings van GRAAN SA is:

3.1 Om erkenning te verkry en op te tree as enigste spreekbuis vir graanprodusente in Suid-Afrika rakende alle aangeleenthede wat binne hul belangesfeer val en om die belange van graanprodusente en die graanbedrywe in al hul vertakkinge te bevorder.

3.2 Om namens sy lede inspraak te verkry in besluitneming en ander prosesse wat die belange van graanprodusente raak.

3.3 Om eenheid en ‘n gees van saamhorigheid en samewerking onder graanprodusente te kweek en te bevorder en sodanig as een belangegroep namens graanprodusente op te tree, met dien verstande dat alle sake streng volgens meriete en op sakegrondslag behandel word en onder geen

omstandighede op grondslag van partypolitieke oorwegings nie.

3.4 Om hom te beywer vir die doeltreffende produksie en ingeligte bemarking van graan en graanprodukte.

3.5 Om die beste onderlinge verhoudings tussen produsente, verbruikers en verwerkers van graan en graanprodukte tot stand te bring en te bevorder.

3.6 Om enige navorsing wat direk of indirek in belang van graanprodusente of die graanbedryf is, te doen of te laat doen.

3.7 Om die opberging, hantering, verwerking en afset van graanprodukte te bevorder en om die laagste moontlike prys- en kostestrukture met betrekking tot boerderybenodigdhede vir graanprodusente te beding.

3.8 Om nieteenstaande die feit dat alle gemeenskaplike belange van die graanprodusente in Suid-Afrika deur GRAAN SA bedien word, die noodsaaklikheid van gespesialiseerde diens ten opsigte van spesifieke kommoditeite in GRAAN SA verteenwoordig, te erken en vir die bediening van daardie gespesialiseerde behoeftes voorsiening te maak.

3.9 Om die belange van ontwikkelende graanprodusente van graanprodukte te erken deur voorsiening te maak vir verteenwoordiging van sodanige produsentebelange in die Hoofbestuur en in die Graan SA struktuur.

4. BEVOEGDHEDE

Ter verwesenliking van sy doelstellings is GRAAN SA bevoeg om:

4.1 Op enige wyse roerende en onroerende goed van enige soort of beskrywing te koop of te verkry.

4.2 Sy onderneming en enige deel van sy goed en bates te bestuur, te verseker, te verkoop, te verhuur, met verband te beswaar, te vervreem, in ruil te gee, te bewerk, te ontwikkel, te behou, te verbeter, voordelig te benut of op ‘n ander wyse daarmee te handel.

4.3 Geld te leen.

4.4 Geld te leen aan organisasies of instansies wat dieselfde of soortgelyke doelstellings as GRAAN SA het.

4.5 Geld op enige wyse te belê.

4.6 Bankrekenings te open en daarop te opereer en sodanige rekenings te oortrek.

4.7 Vrywarings, waarborge en borgstellings aan te gaan en betaling daarkragtens op enige wyse te sekureer.

4.8 Enige maatskappy, organisasie of liggaam met soortgelyke doelstellings as GRAAN SA in te lyf, te stig, te ondersteun, ‘n belang daarin te verkry, of enige van die bates, regte of verpligtinge van GRAAN SA daaraan oor te dra, en om opdragte daaraan of aan enige persoon te gee.

4.9 Deel te neem in die bestuur, toesig en beheer van die sake of bedrywighede van enige maatskappy of besigheid of liggaam met dieselfde of soortgelyke doelstellings as GRAAN SA.

4.10 Werknemers en adviseurs aan te stel en af te dank.

4.11 Persone te vergoed in kontant vir dienste aan GRAAN SA gelewer.

4.12 Skenkings aan enigiemand anders as lede van GRAAN SA te maak.

4.13 Geskenke of bydraes van enige aard te aanvaar en te ontvang.

4.14 Gratifikasies en pensioene te betaal en pensioenskemas, winsdelingsplanne en ander aansporingskemas ten opsigte van sy beamptes en werknemers tot stand te bring.

4.15 Ampsdraers en werknemers skadeloos te stel ten opsigte van enige leed, skade of aanspreeklikheid deur hulle in die loop van hul diens opgedoen, en om getrouheidswaarborgversekering uit te neem vir werknemers van GRAAN SA wat geld of goedere van GRAAN SA hanteer.

4.16 Geskille aan arbitrasie te onderwerp, deel te neem aan arbitrasieverrigtinge en om sitting te hê op enige kommissie van ondersoek rakende die belange van die graanprodusent en die graanbedryf.

4.17 Nuusblaaie, tydskrifte, omsendbriewe en ander publikasie vir die bevordering van die doelstellings van GRAAN SA te subsidieer, te druk of te laat druk, te publiseer, uit te gee en te versprei.

4.18 Die gekoördineerde mening van graanprodusente oor sake rakende hul belange aan owerheids- of ander liggame voor te lê en met hulle saam te werk ter oplossing van vraagstukke en die daarstel van wetgewing, en om verteenwoordiging op sodanige owerheids- en ander liggame te verkry.

4.19 By sodanige organisasies te affilieer op wedersyds aanvaarbare voorwaardes soos deur Hoofbestuur goedgekeur.

4.20 Aanbevelings aan owerheids- en ander liggame te maak rakende alle heffings op graanprodusente vir die doeleindes van navorsings- en voorligtingsdienste of sodanige ander doeleindes as wat die Hoofbestuur bepaal.

4.21 Regsgedinge aanhangig te maak, te bestry en tot finaliteit te voer, en om vir daardie doel regsverteenwoordigers aan te stel en te vergoed.

4.22 Alles te doen wat nodig mag wees om aan bogenoemde bevoegdhede en doelstellings uitvoering te gee.

4.23 Die inkomste en eiendom van GRAAN SA, uit welke bron ookal verkry, word uitsluitend aangewend vir die bevordering van sy hoofdoelstellings, en geen gedeelte daarvan mag regstreeks of onregstreeks, by wyse van dividend, bonus of andersins, aan die lede van GRAAN SA of aan sy beheerde maatskappy(e) betaal of oorgemaak word nie; met dien verstande dat niks wat hierin bepaal is, die betaling te goedertrou belet van redelike besoldiging aan ‘n beampte of diensnemer van GRAAN SA of aan ‘n lid daarvan vir dienste werklik aan GRAAN SA gelewer nie.

4.24 Ontwikkelingsprojekte vir ontwikkelende graanprodusente te identifiseer, te struktureer in oorleg met die staat of bedryfsvennote te fasiliteer en te implementeer, met die doel om ontwikkelende graanprodusente te bemagtig deur die oordrag van kundigheid, voorligting en tegnologie.

4.24.1 Ontwikkelingsprojekte kan slegs aangebied word ooreenkomstig die beskikbaarheid van fondse vir die onderskeie projekte.

4.24.2 Graan SA mag geen produksiekrediet, lenings of oorbruggingsfinansiering van watter aard ook al, aan enige graanprodusent uit Graan SA fondse beskikbaar stel nie.

4.24.3 Graan SA kan in oorleg met die staat of bedryfsvennote, ontwikkelende graanprodusente ondersteun, met eksterne deurvloeifondse vir herkapitalisering of ander goedgekeurde projekte, met die voorbehoud dat die nodige rekeningkundige stelsels in plek is en dit jaarliks geoudit word.

5. LIDMAATSKAP EN LEDEGELDE

5.1 LEDE

GRAAN SA het die volgende kategorieë vir lidmaatskap:

5.1.1 Kommersiële lede. Natuurlike persone, trusts of enige regspersone wat:

5.1.1.1 Ten minste 100 ton graan vir bemarking produseer; en

5.1.1.2 die neergelegde ledegeld en bedryfsheffing aan GRAAN SA betaal; en

5.1.1.3 die doelstellings van GRAAN SA onderskryf,

kwalifiseer vir lidmaatskap van GRAAN SA. Lidmaatskap word verkry op die wyse uiteengesit in die Regulasies.

5.1.2 Studiegroeplede verteenwoordigend van ontwikkelende graanprodusente

Lede van studiegroepe wat –

5.1.2.1 Op klein skaal en minder as 100 ton graan produseer; en

5.1.2.2 graag met GRAAN SA wil assosieer en die organisasie se doelstellings onderskryf; en

5.1.2.3 die neergelegde studiegroepledegelde betaal soos van tyd tot tyd deur die Kongres bepaal,

5.1.2.4 en aktief deelneem aan studiegroep aksies.

kwalifiseer vir studiegroeplidmaatskap van GRAAN SA.

5.1.2.5 Studiegroeplidmaatskap word verkry op die wyse uiteengesit in die Regulasies.

5.1.3 Assosiaat lede: uitgetrede graanprodusente wat:

5.1.3.1 nie graan produseer nie; en

5.1.3.2. graag met Graan SA wil assosieer en sy doelstellings onderskryf; en

5.1.3.3 die neergelegde ledegeld aan Graan SA betaal,

kwalifiseer vir lidmaatskap as Assosiaat lede van Graan SA.

5.1.3.4 Assosiaat lede is nie stemgeregtig nie, kan nie in enige amp verkies word nie en woon Kongres slegs by as waarnemer.

5.1.3.5 Lidmaatskap as Assosiaat lede word verkry op die wyse uiteengesit in die Regulasies.

5.2 ’n Lid hou lidmaatskap van Graan SA in slegs een van die lidmaatskapkategorieë, naamlik

5.2.1 kommersiële lidmaatskap soos vermeld in artikel 5.1.1, of

5.2.2 studiegroep lidmaatskap soos vermeld in artikel 5.1.2, of

5.2.3 Assosiaat lede soos vermeld in artikel 5.1.3..

5.3 LEDEGELDE EN BEDRYFSHEFFING

5.3.1 Ledegelde en die bedryfsheffing word deur die Kongres vasgestel en fondse op hierdie wyse bekom dien as bron van finansiering vir GRAAN SA. Indien die Kongres nie ledegelde of die bedryfsheffing vir 'n jaar verander nie, bly die ledegelde en bedryfsheffing soos vasgestel vir die voorafgaande jaar van krag.

5.3.2 Ledegelde vir alle kategorieë lidmaatskap asook die bedryfsheffing (indien toepaslik), word jaarliks vanaf 1 Maart tot einde Februarie betaal, wanneer die boekjaar vir ledegelde en bedryfsheffings afgesluit word. Die status van lidmaatskap word bepaal op grond van betalings ontvang tot en met die einde van die maand Februarie, wat die Kongres voorafgaan

5.3.3 Slegs kommersiële lede wie hul ledegelde en bedryfsheffing (indien toepaslik), opbetaal het, soos bepaal in artikel 5.3.2, kwalifiseer as stemgeregtigde afgevaardigde na Kongres.

5.4 BEëINDIGING VAN LIDMAATSKAP

Lidmaatskap van GRAAN SA word beëindig -

5.4.1 indien 'n lid nie meer vir lidmaatskap ingevolge artikels 5.1.1, 5.1.2 of 5.1.3 kwalifiseer nie.

5.4.2 indien ‘n lid nie die neergelegde minimum ledegeld en waar toepaslik die bedryfsheffing op alle graan deur die lid geproduseer, betaal nie; of

5.4.3 by ontvangs van 'n skriftelike kennisgewing van 'n lid dat die lid bedank; of

5.4.4 indien die Hoofbestuur besluit dat 'n lid se lidmaatskap beëindig word.

5.5 Lede wie nie voldoen aan die vereistes vir lidmaatskap in terme van artikel 5.3.2 nie, is nie geregtig om enige van die regte en voorregte van lidmaatskap van GRAAN SA uit te oefen nie, kan ook nie die Kongres as stemgeregtigde afgevaardigde bywoon, en of genomineer word om in enige amp te dien nie

5.6 Die Hoofbestuur kan te eniger tyd van 'n lid vereis om skriftelike bewys te lewer dat hy steeds ingevolge artikel 5.1, saamgelees met Regulasie R1.2 van die Grondwet, aan die vereistes vir lidmaatskap van GRAAN SA voldoen. Indien 'n lid in gebreke bly om sodanige skriftelike bewys te lewer, kan die Hoofbestuur sy lidmaatskap van GRAAN SA beëindig. Sodra ‘n lid wie se lidmaatskap as sodanig beëindig is, weer aan die vereistes vir lidmaatskap voldoen, kan hy ingevolge die bepalings van die Grondwet weer om lidmaatskap van GRAAN SA aansoek doen.

6. ORGANISATORIESE SAMESTELLING

GRAAN SA word op nasionale grondslag georganiseer en bestuur deur:-

6.1 Plaaslike Graanbedryfstakke en Studiegroepe;

6.2 Streekbesture;

6.3 Die Hoofbestuur; en

6.4 Die Kongres.

7. PLAASLIKE GRAANBEDRYFSTAKKE EN STUDIEGROEPE

7.1 Graanbedryfstakke

7.1.1 Plaaslike Graanbedryfstakke word binne die gebied soos omskryf in artikel 8.1 gestig. Elke tak bestaan uit minstens 10 (tien) lede wat óf in die betrokke gebied woon óf daarin graan vir bemarking produseer. 'n Lid behoort slegs aan een tak.

7.1.2 lndien die lede van GRAAN SA verkies om hul plaaslike graanbedryfsake binne 'n boerevereniging te behartig sonder om 'n afsonderlike Plaaslike Graanbedryfstak te stig, word die betrokke boerevereniging vir doeleindes van die Grondwet as die Plaaslike Graanbedryfstak beskou, met die voorbehoud dat slegs opbetaalde lede van Graan SA teenwoordig, oor graan sake kan stem

7.1.3 Plaaslike Graanbedryfstakke mag hul eie huishoudelike reëls binne die raamwerk van die Grondwet daarstel, onderhewig aan goedkeuring daarvan deur die Hoofbestuur.

7.1.4 Die organisatoriese funksionering van Plaaslike Graanbedryfstakke word in die Regulasies bepaal.

7.2 Streeksverdeling vir Produksiestreke vir ontwikkelende produsente

7.2.1 Die ontwikkelende graanproduserende gebiede in Suid-Afrika word deur die Werkgroep vir Landbou-Ontwikkeling in produksiestreke verdeel, welke indeling deur die Hoofbestuur goedgekeur word, met dien verstande dat die streekindeling van tyd tot tyd deur die Hoofbestuur op aanbeveling van die Werkgroep gewysig kan word. Hierdie streeksindeling word deur Kongres bekragtig.

7.2.2 By die bepaling van die produksiestreke vir ontwikkelende produsente, soos van tyd tot tyd bepaal, word die produksiegebiede soos deur die onderskeie streekskantore bedien in ag geneem.

7.2.3 Studiegroepe vir ontwikkelende produsente word binne die produksiestreke soos in artikel 7.2.1 bepaal, gestig. Elke sodanige Studiegroep bestaan uit minstens 10 (tien) studiegroeplede wat in die betrokke gebied graan produseer. ‘n Studiegroeplid behoort slegs aan een Studiegroep.

7.2.4 Studiegroepe vir ontwikkelende produsente stel hul eie huishoudelike reëls binne die raamwerk van die Grondwet daar, onderhewig aan die goedkeuring daarvan deur die Hoofbestuur.

7.2.5 Die organisatoriese funksionering van Studiegroepe word in die Regulasies bepaal.

8. STREEKSINDELING: KOMMERSIËLE STREKE

8.1 Die kommersiële graanproduserende gebiede in Suid-Afrika word deur die Hoofbestuur in streke ingedeel sodat elke streek sover prakties moontlik dieselfde aantal afgevaardigdes na die Kongres het, welke indeling deur die Kongres bekragtig word, met dien verstande dat die aantal streke en streekindeling van tyd tot tyd deur die Kongres op aanbeveling van die Hoofbestuur gewysig kan word.

8.2 By die bepaling van die streeksindeling word die betaling van bedryfsheffings, asook geografiese en provinsiale grense in ag geneem.

8.3 ‘n Bepaling van streke se bedryfsheffingbetalings word gereeld in drie jaar (3 jaar) siklusse, maar ten minste een maal elke ses jaar (6 jaar), gedoen. Die herbepaling van streke word op die gemiddelde heffingbetalings van die voorafgaande drie jaar (3 jaar) gedoen. By die bepaling van heffingbetalings word die gewigte aan graankommoditeite toegeken soos van tyd tot tyd deur die Kongres op aanbeveling van die Hoofbestuur besluit.

8.4 Dit is in die diskresie van die Hoofbestuur om van tyd tot tyd ‘n herindeling van streke, soos in artikels 7.2.1 en 8.1 bedoel, by die Kongres aan te beveel, met dien verstande dat kennis van enige beoogde herindeling van streke ten minste 45 (vyf en veertig) dae voor die plaasvind van die Kongres skriftelik aan alle Studiegroepe in ontwikkelende streke, Plaaslike Graanbedryfstakke - en Streekbesture gegee word, met die voorbehoud dat:

8.4.1 Die afvaardiging na die eersvolgende Kongres, nadat die nuwe streeksindeling deur Kongres goedgekeur is, ingevolge die nuwe streek samestelling bepaal word.

8.4.2 Die verkiesing vir Hoofbestuurslede vir die nuwe streke ook hanteer word op die eersvolgende Kongres, volgens die prosedure soos bepaal in art 17.2.

8.5 ‘n Streekbestuur word jaarliks vir elke streek, soos in artikel 8.1 bepaal, saamgestel uit die betrokke Hoofbestuurslid en ‘n aantal verteenwoordigers deur ‘n vergadering van die betrokke Plaaslike Graanbedryfstakke verkies.

8.6 Streekbesture mag hul eie huishoudelike reëls daarstel, onderhewig aan goedkeuring daarvan deur die Hoofbestuur.

8.7 Die organisatoriese funksionering van Streekbesture word in die Regulasies bepaal.

9. DIE HOOFBESTUUR

Onderhewig aan die Grondwet en in ooreenstemming met die Regulasies, setel die bestuur van die sake en alle uitvoerende bevoegdhede van GRAAN SA in die Hoofbestuur.

10. SAMESTELLING EN VERKIESING VAN DIE HOOFBESTUUR

Die Hoofbestuur word saamgestel uit -

10.1 die Voorsitter en 2 (twee) Visevoorsitters van GRAAN SA kragtens artikel 26 verkies, welke persone ook as Voorsitter en Visevoorsitters van die Hoofbestuur optree; en

10.2 Een verteenwoordiger vir elke streek soos in artikels 7.2.1 en 8.1 vermeld. Die lid/ van elke streek op die Hoofbestuur word tydens die Kongres deur die betrokke streek se afgevaardigdes genomineer en deur hulle by wyse van 'n stemming, elektronies of met stembriefies, op ‘n volstrekte meerderheidsgrondslag verkies.

10.3 Een addisionele Hoofbestuurslid verteenwoordigend van ontwikkelende produsente. Die addisionele Hoofbestuurslid word verkies ooreenkomstig die voorskrifte in artikel 26.

10.4 Die Voorsitter, 2 (twee) Visevoorsitters en die addisionele lid verteenwoordig nie 'n streek nie. Indien die Voorsitter, die Visevoorsitters of die addisionele lid wat deur die Kongres in terme van artikel 26 gekies word, in daardie stadium reeds ‘n streek in die Hoofbestuur verteenwoordig, kies die bepaalde streek se afgevaardigdes ‘n ander lid in die Hoofbestuur.

11 . VAKATURES IN DIE HOOFBESTUUR

11.1 Indien daar vakatures in die Hoofbestuur vir welke rede ook al ontstaan -

11.1.1 Stel die Hoofbestuur die betrokke streekstrukture in kennis en versoek die betrokke streek om 'n benoeming te doen om die vakature te vul vir die restant van die ampstermyn van die uittredende verteenwoordiger;

11.1.2 indien die nodige benoeming kragtens artikel.11.1.1 nie binne 45 (vyf

en veertig) dae na datum van die kennisgewing, van die betrokke kommersiële streek ontvang word nie, kan die Hoofbestuur na goeddunke 'n plaasvervangende verteenwoordiger uit die betrokke streek koöpteer.

11.1.3 Indien daar 'n vakature in die ampte van Voorsitter of Visevoorsitters ontstaan, word dit ingevolge artikel 27 gevul.

11.1.4 In die geval van 'n vakature in die Hoofbestuur as gevolg van die verkiesing van 'n persoon of persone uit die Hoofbestuur as Voorsitter of Visevoorsitters kragtens artikel 27, word sodanige vakature gevul kragtens artikel 11.1.1.

12. KWALIFIKASIES VAN DIE LEDE VAN DIE HOOFBESTUUR

Elke lid van die Hoofbestuur,

12.1 moet 'n lid van GRAAN SA wees;

12.2 moet 'n verkose afgevaardigde na die Kongres wees;

12.3 moet in die geval van die in artikel 5.1.1 (kommersiële lede) en 5.1.2 (studiegroeplede) 'n aansienlike deel van sy boerdery-inkomste uit die produksie en bemarking van graan verdien;

12.4 dien volgens eie skriftelike verklaring nie in 'n uitvoerende bestuurs-hoedanigheid in enige vereniging, organisasie of regspersoon wat volgens oordeel van die Hoofbestuur die belange van verbruiker(s), koper(s) of verwerker(s), tot nadeel van produsente bevorder nie. Wanneer Hoofbestuurslede Graan SA in amptelike hoedanigheid op eksterne entiteite verteenwoordig, moet die persoon hom beywer om so ver moontlik in die beste belang van produsente op te tree. Belange, indien van toepassing, moet by Hoofbestuurvergaderings en vergaderings van Werkgroepe van die Hoofbestuur verklaar word.

12.5 moet die gedragskode vir Hoofbestuurslede onderteken.

13 SETEL

'n Lid mag homself slegs in 1(een) streek vir benoeming tot die Hoofbestuur of as Kongresafgevaardigde beskikbaar stel, naamlik óf in die streek waar sy graanboerderybelange is, óf in die streek waarin hy woonagtig is.

14 MAGTE EN PLIGTE VAN DIE HOOFBESTUUR

Die Hoofbestuur is die hoogste gesag wanneer die Kongres nie in sitting is nie, en onderworpe aan die beheer en algemene beleid van die Kongres, beskik die Hoofbestuur, onder andere, oor die volgende magte en pligte:

14.1 Al die bevoegdhede van GRAAN SA soos uiteengesit in artikel 4, met die uitsondering van daardie sake ten opsigte waarvan die Kongres uitsluitlike bevoegdhede het.

14.2 Om Regulasies vir die doeltreffende bestuur van die sake van GRAAN SA en wat in ooreenstemming met die Grondwet is, op te stel en te wysig, en aan die Kongres vir goedkeuring voor te lê.

14.3 Om benoemings- en terugrapporteringsprosedures vir verteenwoordigers van GRAAN SA op liggame waarin GRAAN SA benoemings moet doen, neer te lê.

14.4 Om jaarliks die Kongres te belê en aan die Kongres verslag te doen ten opsigte van die afgelope jaar se werksaamhede en 'n finansiële verslag aan die Kongres voor te lê.

14.5 Om komitees/werkgroepe aan te stel en om bevoegdhede (uitgesonderd uitvoerende bevoegdhede) aan sodanige komitees/werkgroepe en ampsdraers daarvan te delegeer.

14.6 Om tegniese en professionele adviseurs en amptenare, sonder stemreg, vir die bywoning van vergaderings van GRAAN SA , insluitende die Kongres, aan te wys.

14.7 Om aanbevelings aan die Kongres in verband met wysiging van die Grondwet en die Regulasies te maak.

14.8 Om aanbevelings aan die Kongres rakende die voorwaardes vir affiliasie met Agri SA of ander organisasies te maak.

14.9 Om aanbevelings oor ledegelde en bedryfsheffings aan die Kongres te maak.

14.10 Om nuwe lede te oorweeg, goed of af te keur en om 'n lid se lidmaatskap te beëindig.

14.11 Om behoorlike notules van vergaderings van die Kongres, enige Buitengewone Kongres, die Dagbestuur, Hoofbestuur en komitees/werkgroepe by te hou.

14.12 Om die setel van die hoofkantoor van GRAAN SA te bepaal na oorweging van die dienste wat aan lede en die graanbedryf gelewer moet word en die verpligtinge wat in hierdie verband nagekom moet word.

14.13 Om kundige ampsdraers aan te wys om GRAAN SA in die raad of direksies van maatskappye of organisasies te verteenwoordig en hulle dienste te beëindig.

14.14 Om aanbevelings oor die naam van GRAAN SA se tydskrif aan die Kongres te maak.

15. DAGBESTUUR VAN DIE HOOFBESTUUR

15.1 Ten einde die sake van GRAAN SA daagliks te behartig, kies die Hoofbestuur uit sy geledere met geslote stembriewe 'n Dagbestuur bestaande uit

15.1.1 die Voorsitter (ex officio)

15.1.2 en 2 (twee) Visevoorsitters (ex officio) en

15.1.3 minstens 4 (vier) addisionele lede van die Hoofbestuur waarvan een persoon 'n ontwikkelende produsent moet wees.

15.2 Die Dagbestuur oefen tussen sittings van die Hoofbestuur en die Kongres alle bevoegdhede van die Hoofbestuur uit, behoudens die beperkings wat die Hoofbestuur en/of die Kongres van tyd tot tyd oplê, en met sodanige magte as wat van tyd tot tyd deur die Hoofbestuur gedelegeer word.

16. VERGADERINGS VAN DIE HOOFBESTUUR EN BESLUITNEMING MET GEWEEGDE STEMME

16.1 Die Hoofbestuur vergader soos en wanneer nodig, maar minstens 3 (drie) keer per jaar.

16.2 'n Vergadering van die Hoofbestuur word belê wanneer die Hoofbestuur of die Voorsitter van die Hoofbestuur so besluit: Met dien verstande dat 'n spesiale vergadering van die Hoofbestuur belê mag word -

16.2.1 indien die Voorsitter van die Hoofbestuur daartoe opdrag gee; of

16.2.2 indien enige van die Visevoorsitters van die Hoofbestuur in waarnemende hoedanigheid as Voorsitter daartoe opdrag gee; of

16.2.3 indien 4 (vier) of meer Hoofbestuurslede dit skriftelik aanvra; of

16.2.4 in die geval waar artikel 25.2 van toepassing is.

16.3 Stemming en besluitneming vind plaas ooreenkomstig die bepalings in die Regulasies vervat.

17. DIENSTERMYN VAN HOOFBESTUURSLEDE, VOORSITTER EN VISEVOORSITTERS

17.1 Die Hoofbestuurslede se ampstermyn duur vir 2 (twee) jaar, met dien verstande dat 'n lid van die Hoofbestuur wat nie 'n verkose afgevaardigde na

die Kongres vir die daaropvolgende jaar is nie sy amp as Hoofbestuurslid by verstryking van die eerste jaar ontruim.

17.2 In gevalle waar die Kongres op aanbeveling van die Hoofbestuur ‘n herindeling van streke ingevolge, artikel 8.4 goedgekeur het, ontruim Hoofbestuurslede van die betrokke streke hul ampte tydens die eersvolgende Kongres, wat volg op die Kongres waar die nuwe streeksindeling goedgekeur is. Verkiesings vir gelyke en ongelyke genommerde streke vind tydens hierdie Kongres plaas, vir Hoofbestuurslede van die nuut ingedeelde streke

17.3 Die Voorsitter en Visevoorsitters se ampstermyn duur 1 (een) jaar en word verkies in terme van die bepalings van artikel 26.

17.4 'n Uittredende lid van die Hoofbestuur is herkiesbaar.

18. ONTRUIMING VAN AMP AS LID VAN DIE HOOFBESTUUR.

'n Lid van die Hoofbestuur ontruim sy amp indien -

18.1 die betrokke Hoofbestuurslid sy bedanking skriftelik indien;

18.2 die betrokke lid deur 'n bevoegde hof kranksinnig of insolvent of andersins regsonbevoeg verklaar word, of onder administrasie of kuratele sorg geplaas word;

18.3 die betrokke lid homself vir enige partypolitieke amp verkiesbaar stel; of

18.4 die betrokke lid nie meer vir lidmaatskap ingevolge artikel 12 kwalifiseer nie.

19. BEËINDIGING VAN LIDMAATSKAP VAN HOOFBESTUUR

19.1 Lidmaatskap van die Hoofbestuur kan deur die Hoofbestuur beëindig word indien die betrokke lid -

19.1.1 sonder 'n grondige rede van 2 (twee) agtereenvolgende vergaderings afwesig is; of

19.1.2 nie sy ledegelde en of bedryfsheffings teen einde Februarie jaarliks betaal nie: of

19.1.3 homself aan wangedrag skuldig maak.

19.2 Wangedrag sluit onder meer in dat 'n lid die verwesenliking van die doelstellings van GRAAN SA opsetlik dwarsboom of benadeel, of deur 'n hof aan 'n kriminele oortreding skuldig bevind word.

19.3 By die beëindiging van lidmaatskap van die Hoofbestuur ingevolge die bepalings van art 19, bedank die betrokke lid uit alle ampte waar hy GRAAN

SA ampshalwe verteenwoordig.

20. KOMITEES/WERKGROEPE VAN DIE HOOFBESTUUR

20.1 Die Hoofbestuur kan uit sy geledere een of meer komitees/werkgroepe aanstel om hom by te staan by die uitvoering van sy pligte, en die uitoefening van sy bevoegdhede, en kan te eniger tyd die ledetal van so 'n komitee/werkgroep vermeerder of verminder en kan 'n vakature in so 'n komitee/werkgroep vul.

20.2 Die lede van 'n komitee/werkgroep verkies jaarliks na Kongres 'n voorsitter uit hul geledere en word die voorsitters van werkgroepe deur Hoofbestuur goedgekeur.

20.2.1 Indien die Hoofbestuur nie die verkose Voorsitter van 'n Werkgroep goedkeur nie, kan die Hoofbestuur versoek dat 'n alternatiewe Voorsitter vir die betrokke Werkgroep genomineer en verkies word.

20.2.2 Die Hoofbestuur kan na goeddunke van sy bevoegdhede aan so 'n komitee/werkgroep delegeer (uitgesonderd uitvoerende bevoegdhede), maar word nie onthef van 'n bevoegdheid wat hy aan 'n komitee/werkgroep gedelegeer het nie, en kan 'n beslissing van so 'n komitee/werkgroep intrek of wysig.

21. REGSHANDELINGE NAMENS GRAAN SA

Alle dokumente ingevolge waarvan GRAAN SA regte verkry en verpligtinge aangaan en alle verhandelbare dokumente, word namens GRAAN SA deur een van minstens twee lede van die Bestuur wat vir die doel behoorlik deur die Dagbestuur gemagtig is, onderteken, ooreenkomstig die mandate soos uiteengesit in die Beleid en Prosedure van Graan SA

22. DIE KONGRES

Die Kongres is die jaarlikse algemene vergadering van lede en is die hoogste gesag van GRAAN SA. Alle ander algemene vergaderings van lede is Buitengewone Kongresse. Die Kongres word jaarliks gehou op 'n datum en plek deur die Hoofbestuur bepaal.

23. FUNKSIE VAN DIE KONGRES

Die funksie van die Kongres is -

23.1 die oorweging, bespreking en goedkeuring van die finansiële jaarstate, ouditeursverslag en Hoofbestuursverslag van GRAAN SA;

23.2 die verkiesing van die Voorsitter en 2 (twee) Visevoorsitters.

23.3 die verkiesing van die Hoofbestuur;

23.4 die aanstel van 'n ouditeur en die goedkeuring van sy vergoeding; en

23.5 die behandeling van enige ander sake wat as spesiale sake geag word.

24. SAMESTELLING VAN DIE KONGRES

Die samestelling van die Kongres is ooreenkomstig die getal afgevaardigdes, soos van tyd tot tyd deur die Kongres bepaal, met dien verstande dat:

24.1 Die produksiestreke vir ontwikkelende graanprodusente in terme van art 7.2, geregtig is op 'n kongresafvaardiging van minstens 10% van die totaal getal afgevaardigdes, ooreenkomstig die betaling van die bedryfsheffings van die onderskeie streke.

24.2 Die produksiestreke vir kommersiële graanprodusente in terme van artikel 8.1, geregtig is op die aantal afgevaardigdes, soos van tyd tot tyd deur Kongres bepaal, ooreenkomstig die betaling van die bedryfsheffing per streek.

24.3 Die getal afgevaardigdes vir Kongres, bly van krag tot wanneer Kongres op 'n ander samestelling vir afgevaardigdes besluit het.

24.4 Slegs opbetaalde kommersiële afgevaardigdes van die streke vermeld in artikel 7.2 en 8.4 kan genomineer word as Kongres afgevaardigdes. Indien Studiegroep lede genomineer word om die Kongres by te woon, sal studiegroep lede slegs as waarnemers sonder stemreg die Kongres bywoon en is nie verkiesbaar vir enige amp in Graan SA nie.

25. BUITENGEWONE KONGRES

'n Buitengewone Kongres, waarop slegs sake bespreek word waarvoor dit byeengeroep word, kan in die volgende gevalle belê word -

25.1 op besluit van die Hoofbestuur; of

25.2 op skriftelike en gemotiveerde versoek van minstens 1/ 3 (een-derde) van die Streekbesture, welke versoek deur die Hoofbestuur gesteun moet word: Met dien verstande dat 'n Buitengewone Kongres om die Grondwet te wysig slegs met goedkeuring van die Hoofbestuur belê kan word.

26. VOORSITTER EN 2 (TWEE) VISEVOORSITTERS

26.1 Die Kongres kies jaarliks op die wyse in Regulasie 7 voorgeskryf 'n Voorsitter en 2 (twee) Visevoorsitters uit die afgevaardigdes na die Kongres en hulle doen diens tot by afloop van die Kongres wat volg op die een waarop hulle verkies

is.

26.2 'n Persoon kan slegs as Voorsitter of Visevoorsitter van GRAAN SA genomineer en verkies word indien die persoon deur die betrokke streek na Kongres afgevaardig is.

26.3 Vir die voorsitter en eerste visevoorsitter, kan enige van die opbetaalde afgevaardigdes deur die Kongres genomineer en verkies word.

26.4 Indien die voorsitter of eerste visevoorsitter nie verteenwoordigend van ontwikkelende produsente is nie, in daardie geval moet die tweede visevoorsitter wat verkies word, verteenwoordigend van ontwikkelende graanprodusente wees, en verkies word ingevolge die prosedure van artikel 26.5

26.5 Prosedure vir nominasie en verkiesing van tweede visevoorsitter, indien die voorsitter of eerste visevoorsitter nie verteenwoordigend van ontwikkelende graanprodusente is nie:

26.5.1 Alle ontwikkelende afgevaardigdes wie aan die vereistes vir kommersiële lidmaatskap voldoen soos in artikel 5.1.1 omskryf, kwalifiseer om genomineer te word vir die amp van tweede visevoorsitter of addisionele Hoofbestuurslid, ongeag die streek wat die persoon na Kongres afgevaardig het.

26.5.2 (i) Vir die amp van tweede visevoorsitter, moet ten minste twee kandidate genomineer word, per geslote stembriewe. Slegs ontwikkelende afgevaardigdes, ongeag die streek wat verteenwoordig word, moet aan die nominasie proses deelneem.

26.5.2 (ii) Indien meer as twee kandidate genomineer word, moet die ontwikkelende afgevaardigdes, ongeag die streek wat verteenwoordig word, tussen die genomineerde kandidate kies om slegs twee kandidate te bepaal. Die twee kandidate sal die persone met onderskeidelik die meeste en tweede meeste stemme uit die groep genomineerde kandidate wees.

26.5.3 Nadat die twee kandidate deur die ontwikkelende afgevaardigdes genomineer is in terme van artikel 26.5.2 (i), of vir nominasie verkies is in terme van artikel 26.5.2 (ii), daarna kies alle kongres afgevaardigdes teenwoordig, die tweede visevoorsitter uit die twee genomineerde kandidate.

26.5.4 Die kandidaat met die meerderheid stemme, word verkies as tweede visievoorsitter, en die kandidaat met die tweede meeste stemme, word as addisionele lid van die Hoofbestuur verkies.

26.6 Prosedure vir die verkiesing van 'n addisionele lid van die Hoofbestuur verteenwoordigend van ontwikkelende produsente, indien voorsitter of eerste visevoorsitter reeds verteenwoordigend van ontwikkelende produsente is

26.6.1 Indien 'n voorsitter of eerste visevoorsitter in terme van artikel 26.3 verkies word, wie verteenwoordigend van ontwikkelende graanprodusente is, in daardie geval:

26.6.1.1 Vind die verkiesing van die tweede visevoorsitter plaas ooreenkomstig die bepalings van artikel 26.3, en;

26.6.1.2 Word 'n addisionele Hoofbestuurslid deur ontwikkelende afgevaardigdes soos vermeld in artikel 26.5.1 genomineer en verkies, ongeag die streek waaruit hul na Kongres afgevaardig is.

27. VAKATURES IN AMPTE VAN VOORSITTER OF VISEVOORSITTERS

27.1 Indien 'n permanente vakature ten opsigte van die Voorsitter ontstaan, vul 1 (een) van die Visevoorsitters, daardie vakature tot na afloop van die eersvolgende Kongres. Die Hoofbestuur verkies in hierdie geval uit die geledere van die 2 (twee) Visevoorsitters die Voorsitter. In hierdie geval word ‘n vervangende Visevoorsitter gekies soos bepaal in artikel 27.2.

27.2 Indien 'n permanente vakature ten opsigte van die 1 (een) van die 2 (twee) Visevoorsitters ontstaan, benoem die Hoofbestuur ‘n lid uit sy geledere om die vakature te vul.

27.3 Die verkiesingsprosedure, vakatures, afwesigheid, regte en diskresie van die Voorsitter en Visevoorsitters word bepaal deur die Regulasies.

28. LENINGSBEVOEGDHEDE EN SPESIALE MAGTIGING

28.1 LENINGSBEPERKING

Die leningsmagte van GRAAN SA is beperk tot die omvang van die totale bates van GRAAN SA , waarby ingesluit is die totaal van ledegelde en produsenteheffings wat van tyd tot tyd aan GRAAN SA betaalbaar is, tensy die Kongres of enige Buitengewone Kongres anders besluit.

28.2 VERVREEMDING VAN ONROERENDE GOED

Die vervreemding of beswaring van enige onroerende goed van GRAAN SA wat meer as die helfte van die waarde van die totale bates van GRAAN SA behels, is onderhewig aan die goedkeuring van 'n gewone meerderheid van die Kongres, of 'n Buitengewone Kongres wat vir sodanige doel belê is.

29. FINANSIES EN REKORDHOUDING

29.1 BANKREKENING

Die Dagbestuur dra sorg dat bankrekenings en/of spaarrekenings by 'n bank of ander finansiële instelling in die naam van GRAAN SA geopen word en dat alle fondse van GRAAN SA onverwyld daarin gedeponeer word.

29.2 REKENINGKUNDIGE REKORDS

Die Dagbestuur dra sorg dat alle saketransaksies van GRAAN SA behoorlik en gereeld in die boeke van rekeningkundige inskrywing van GRAAN SA geboekstaaf word.

29.3 FINANSIëLE JAARSTATE

Die Hoofbestuur lê jaarliks GRAAN SA se geouditeerde finansiële state en Hoofbestuursverslag vir die afgelope finansiële jaar aan die Kongres vir bespreking en goedkeuring voor. Die finansiële boekjaar van GRAAN SA strek vanaf 1 Oktober tot 30 September.

29.4 OUDITEUR

Die Kongres stel jaarliks 'n ouditeur aan en keur die ouditeursfooie goed. Die prosedure wat gevolg word by die aanstelling van 'n ouditeur word in die Regulasies bepaal.

30. SKADELOOSSTELLING

Geen aksie vir skadevergoeding word ingestel teen die Hoofbestuur, Dagbestuur, komitee/werkgroep of enige lid daarvan ten opsigte van enigiets te goedertrou ingevolge die bepalings hiervan gedoen nie.

31. WYSIGING VAN GRONDWET EN ONTBINDING

Hierdie Grondwet en die Regulasies mag te eniger tyd gewysig en GRAAN SA mag te eniger tyd ontbind word deur die Kongres of 'n Buitengewone Kongres spesiaal vir die doel belê: Met dien verstande dat -

31.1 in die geval van 'n voorgestelde wysiging van die Grondwet en/of die Regulasies -

31.1.1 die Hoofbestuur minstens 45 (vyf en veertig) dae voor die datum van die plaasvind van die Kongres of Buitengewone Kongres aan alle Studiegroepe, Streekbesture skriftelik kennis van die voorgestelde wysiging gee;

31.1.2 moet minstens 2/3 (twee-derdes) van die aanwesige afgevaardigdes ten gunste van die wysiging van die Grondwet of Regulasies stem;

31.2 in die geval van 'n voorstel van ontbinding -

31.2.1 die Hoofbestuur minstens 45 (vyf en veertig) dae voor die datum van die plaasvind van die Kongres of Buitengewone Kongres aan alle lede kennis van die voorstel van ontbinding gee, asook aan alle Studiegroepe, Streekbesture en Plaaslike Graanbedryfstakke, en stel sodanige lede en strukture gelyktydig skriftelik in kennis van die datum en plek van die vergadering om die voorstel vir ontbinding te oorweeg;

31.2.2 word GRAAN SA ontbind indien minstens 2/3 (twee-derdes) van die aanwesige afgevaardigdes by die Kongres of Buitengewone Kongres wat vir die doel belê is, ten gunste van ontbinding stem;

31.2.3 en nadat besluit is om te ontbind, stel die Kongres of Buitengewone Kongres een of meer likwidateurs aan om besit te neem van die bates van GRAAN SA en om sy boedel te beredder. Die likwidateur(s) verkoop soveel van die bates op publieke veiling of uit die hand of by wyse van privaattender as wat nodig mag wees om die skulde van GRAAN SA te betaal. Die balans van die bates word dan daarna oorbetaal en/of gelewer aan 'n organisasie of vereniging wat dieselfde of soortgelyke doelstellings het as GRAAN SA en welke organisasie of vereniging deur die Kongres of Buitengewone Kongres wat tot die ontbinding besluit, aangewys word.

REGULASIES

Hierdie Regulasies is uitgevaardig kragtens artikel 14.2 van die Grondwet en word genommer vanaf R1.

R1 LIDMAATSKAP

AANSOEKVORM

R1.1 Aansoekers om lidmaatskap van GRAAN SA voltooi die aansoekvorm om lidmaatskap soos deur die Hoofbestuur bepaal.

R1.2 Die aansoekvorm bevat onder andere 'n verklaring deur die aansoeker:

R1.2.1 In die geval van aansoeke om gewone lidmaatskap dat die aansoeker meer as 100 ton graan produseer vir bemarking.

R1.2.2 In die geval van aansoeke om studiegroeplidmaatskap dat die aansoeker minder as 100 ton graan produseer.

R1.2.3 In die geval van aansoeker vir Assosiaatlidmaatskap, die aansoeker nie graan produseer nie, maar met Graan SA assosieer. Aansoeke vir Assosiaatlidmaatskap moet deur die Hoofbestuur goedgekeur word en sal slegs oorweeg word indien die aansoeker 'n opbetaalde lid vir ten minste drie jaar was. Lidmaatskap fooie beloop dieselfde as vir kommersiële lidmaatskap, maar is geen bedryfsheffing betaalbaar nie.

R1.2.4 In alle kategorieë van lidmaatskap bevat die aansoekvorm ‘n verklaring deur die aansoeker dat hy die doelstellings van GRAAN SA onderskryf.

R1.3 OORWEGING

Alle aansoeke om lidmaatskap word deur die Hoofbestuur oorweeg en goed- of afgekeur.

R1.4 INWERKINGTREDING

Lidmaatskap van GRAAN SA tree slegs in werking en die nuwe lid verkry slegs lederegte nadat sy ledegelde en bedryfsheffings, indien enige, betaal is. (sien ook R3.1)

R1.5 LEDEREGISTER

'n Register van die name en adresse van alle lede word deur die Hoofbestuur by die hoofkantoor van GRAAN SA gehou en inligting mag daaruit aan lede beskikbaar gestel word: Met dien verstande dat sodanige inligting nie vir

kommersiële doeleindes gebruik word nie.

R1.6 **BEëINDIGING VAN LIDMAATSKAP**

R1.6.1 Wanneer die Hoofbestuur oorweeg om 'n lid se lidmaatskap te beëindig, rig die Hoofbestuur 'n skriftelike kennisgewing per aangetekende pos aan die lid, waarin redes vir sodanige oorweging verstrek word en waarin die betrokke lid 21 (een en twintig) dae tyd verleen word om skriftelik redes aan die Hoofbestuur voor te lê waarom sy lidmaatskap nie beëindig moet word nie.

R1.6.2 Die Hoofbestuur is geregtig maar nie verplig nie om die betrokke lid te woord te staan in welke gevalle die lid nie op regsverteenwoordiging geregtig is nie

R1.6.3 Die Hoofbestuur stel die betrokke lid mettertyd van sy besluit in kennis.

R2 **KENNISGEWINGS**

R2.1 **VERSENDING**

Alle kennisgewings van GRAAN SA word per hand, per pos, of elektronies aan lede gestuur na hul adresse soos geregistreer in die lederegister van GRAAN SA. Enige termyn van kennisgewing wat vereis word, sluit die dag waarop die kennisgewing versend word, in.

R2.2 **KONGRESSE**

R2.2.1 'n Vergadering van die Kongres word, behoudens andersluidende bepalings van die Grondwet, belê met minstens 45 (vyf en veertig) dae skriftelike kennisgewing aan alle Studiegroepe, Streek besture en Plaaslike Graanbedryfstakke. Die kennisgewing gee die plek, dag en uur van die vergadering aan op die wyse soos bepaal deur die Hoofbestuur.

R2.2.2 'n Buitengewone Kongres word op dieselfde wyse as ‘n Kongres belê: Met dien verstande dat in geval van 'n Buitengewone Kongres sodanige vergadering met nie minder nie as 21 (een en twintig) dae skriftelike kennisgewing belê kan word.

R2.3 **VERSUIM**

Versuim om kennis van enige vergadering van GRAAN SA aan enige bepaalde lid te gee, maak geen verrigtinge wat op sodanige vergadering plaasvind, ongeldig nie.

R3 LEDEGELDE EN HEFFINGS

R3.1 KENNISGEWING VAN LEDEGELDE EN BEDRYFSHEFFINGS

Alle lede van GRAAN SA betaal ledegelde en die bedryfsheffings soos deur die Kongres bepaal. Lede word skriftelik/elektronies van enige verandering in ledegelde of heffings in kennis gestel.

R3.2 TYDSTIP VAN BETALING

Ledegelde en die bedryfsheffing, moet jaarliks voor einde Februarie aan Graan SA oorbetaal word.

R4 PROSEDURE VIR KONGRES

R4.1 BESKRYWINGSPUNTE EN SAKELYS VIR KONGRES EN AANSTELLING VAN AGENDAKOMITEE

Die sakelys vir vergaderings van die Kongres of 'n Buitengewone Kongres moet minstens 14 (veertien) dae voor die datum waarop die vergadering plaasvind, aan alle Studiegroepe, Streekbesture en Plaaslike Graanbedryfstakke en afgevaardigdes gepos word. Beskrywingspunte vir die Kongres word deur Studiegroepe, Plaaslike Graanbedryfstakke, en Streekbesture aan die Hoofbestuur voorgelê volgens 'n prosedure wat deur die Hoofbestuur bepaal word: Met dien verstande dat die Hoofbestuur 'n agendakomitee mag aanstel om beskrywingspunte te keur en 'n sakelys vir die Kongres saam te stel.

R4.2 KWORUM EN KONSTITUERING VAN KONGRES

R4.2.1 Ter aanvang van die Kongres moet die Kongres konstitueer, met 'n bevestiging van die aantal afgevaardigdes teenwoordig, om te bepaal of 'n kworum teenwoordig is. Op die Kongres of enige Buitengewone Kongres word geen wettige besluite geneem, tensy 'n kworum van afgevaardigdes aanwesig is nie. 'n Meerderheid van die afgevaardigdes soos benoem ingevolge artikel 24 van die Grondwet, vorm 'n kworum, soos vermeld in R4.7.1.

R4.2.2 As binne 'n halfuur na die vasgestelde aanvangstyd van die vergadering geen kworum aanwesig is nie, word die vergadering deur die Voorsitter verdaag tot dieselfde dag in die volgende week, op dieselfde tyd en plek, of indien daardie dag 'n openbare feesdag, Saterdag of Sondag is, tot die eersvolgende dag wat nie 'n openbare feesdag, Saterdag of Sondag is nie. Indien daar op sodanige verdaagde vergadering geen kworum binne 'n halfuur na die aanvangstyd van daardie vergadering aanwesig is nie, vorm die aanwesige afgevaardigdes 'n kworum.

R4.3 **VERDAGING VAN KONGRES**

Die Voorsitter mag, met die toestemming van 'n Kongres of Buitengewone Kongres waarop 'n kworum aanwesig is, die vergadering van tyd tot tyd en van plek tot plek verdaag. Geen ander sake mag op 'n verdaagde vergadering behandel word nie as sake wat onafgehandel was toe die vergadering verdaag het nie.

R4.4 **STEMMING EN BESLUITNEMING TYDENS KONGRES**

R4.4.1 Alle besluite van die Kongres of Buitengewone Kongres wat aan die stemming van die vergadering onderwerp word, word beslis deur die opsteek van hande, tensy ‘n stemming met stembriefies en of 'n elektroniese stemproses versoek word. ‘n Verklaring deur die Voorsitter dat ‘n besluit aangeneem is, of met algemene stemme of deur 'n bepaalde meerderheid, of dat dit verwerp is, en ‘n aantekening te dien effekte in die notuleboek gemaak is, is afdoende bewys daarvan sonder bewys van die aantal óf die verhouding van die stemme vir óf teen so ‘n besluit uitgebring.

R4.4.2 Elke afgevaardigde wat stemgeregtig en persoonlik teenwoordig is, het een stem, ongeag of daar deur die opsteek van hande, met stembriefies, of elektronies gestem word.

R4.4.3 ‘n Stemming met elektroniese formaat of met stembriefies kan deur enige afgevaardigde versoek word. Indien ‘n stemming met stembriefies versoek is, word dit op die wyse gedoen soos deur die Voorsitter bepaal. Die uitslag van die stemming word geag die besluit van die Kongres of Buitengewone Kongres te wees waarop die stemming aangevra is.

R4.4.4 ‘n Stemming met betrekking tot enige aangeleentheid aangevra, word op so ‘n tyd gehou as wat die Voorsitter bepaal. Die versoek om ‘n stemming met stembriefies, belet nie dat die vergadering voortgesit word vir die afhandeling van ander sake as die kwessie in verband waarmee die stemming versoek is nie.

R4.4.5 Stembeamptes moet vooraf deur die Voorsitter aangewys word om die uitslag van ‘n stemming te bepaal, en hul bevinding, wat deur die Voorsitter bekend gemaak word, word geag die besluit te wees van sodanige Kongres of Buitengewone Kongres.

R4.5 **STAKING VAN STEMME EN BESLISSENDE STEM DEUR VOORSITTER TYDENS KONGRES EN HOOFBESTUURVERGADERINGS**

R4.5.1 Wanneer 'n staking van stemme op 'n vergadering van die Kongres of ‘n Buitengewone Kongres plaasvind, het die Voorsitter, behalwe sy gewone stem, ook ‘n beslissende stem.

R4.5.2 Die Voorsitter van die Hoofbestuur het tydens 'n

Hoofbestuursvergadering, by 'n staking van stemme, 'n beslissende stem.

R4.6 **VERTEENWOORDIGING**

Afgevaardigdes mag nie ander persone in die Kongres of 'n Buitengewone Kongres verteenwoordig nie. 'n Wysiging in die lede van 'n afvaardiging na die Kongres of 'n Buitengewone Kongres word slegs aanvaar en geregistreer in die geval van 'n skriftelike kennisgewing daarvan deur die voorsitter of sekretaris van die betrokke Studiegroepe, Plaaslike Graanbedryfstak, of Streekbestuur, na gelang van die geval, aan die Hoofbestuur.

R4.7 **KWORUM VIR VERGADERINGS VAN DIE KONGRES, HOOFBESTUUR, DAGBESTUUR EN KOMITEES/WERKGROEPE**

R4.7.1 ‘n Meerderheid van die lede van die Kongres, Hoofbestuur of die Dagbestuur of 'n komitee/werkgroep, vorm 'n kworum van sodanige vergaderings.

R4.8 STEMMING EN BESLUITNEMING TYDENS HOOFBESTUURSVERGADERINGS: GEWEEGDE STEMME

R4.8.1 Besluitneming deur die Hoofbestuur vind plaas by wyse van konsensus. Indien konsensus nie moontlik is nie, moet die Voorsitter reël dat 'n besluit oor die aangeleentheid by wyse van stemming plaasvind, hetsy met stemme by wyse van hand opsteek, stembriewe of 'n elektroniese stemproses.

R4.8.2 Enige lid van die Hoofbestuur by die vergadering teenwoordig, is by magte om te versoek dat besluitneming oor 'n spesifieke saak deur 'n stemproses plaasvind.

R4.8.3 'n Stemming met betrekking tot enige aangeleentheid, hetsy gereël deur die Voorsitter by gebreke aan konsensus oor die saak, of soos deur 'n lid van die Hoofbestuur versoek, word op 'n tyd gehou soos deur die Voorsitter bepaal. Die versoek vir 'n stemming, belet nie dat die vergadering voortgesit word vir die afhandeling van ander sake, as die saak waaroor die stemming versoek word nie.

R4.8.4 Personeellede moet vooraf as stembeamptes deur die Voorsitter aangewys word om die uitslag van die stemme te bepaal en hul bevinding, wat deur die Voorsitter bekend gemaak word, word geag die besluit van die Hoofbestuur te wees.

R4.8.5 Alle Hoofbestuurslede wie persoonlik by die vergadering teenwoordig is, kan aan die stemproses deelneem.

R4.8.6 Die stemproses deur die Hoofbestuur vind plaas met geweegde stemme wat aan die onderskeie streke toegeken word, ooreenkomstig die 3 jaar skuiwende gemiddelde bedryfsheffings wat

per streek betaal is, met 'n soortgelyke gewig soos van toepassing op die aantal afgevaardigdes van die onderskeie streke na Kongres. Die geweegde stemme vir Hoofbestuur bly van toepassing vir die termyn na afloop van die Kongres tot en met die daarop volgende Kongres.

R4.8.7 Aangesien die Voorsitter, die twee Visevoorsitters en die addisionele lid in die Hoofbestuur vir ontwikkelende landbou nie 'n streek verteenwoordig nie, word die vermelde ampte se geweegde stem bepaal deur die berekening van die gemiddelde waarde van die geweegde stemme van alle streke. Die Voorsitter, Visevoorsitter en die addisionele lid vir ontwikkelende landbou, kwalifiseer vir die gemiddelde van geweegde stemme.

R4.8.8 Persone wie in die Hoofbestuur gekoöpteer is vir algemene kundigheid in terme van Regulasie 7.8, of vir spesialiskundigheid in terme van Regulasie 9, kwalifiseer nie vir stemreg in die Hoofbestuur nie, aangesien die persoon nie 'n streek verteenwoordig nie.

R5 ORGANISATORIESE FUNKSIONERING VAN PLAASLIKE GRAANBEDRYFSTAKKE, STUDIEGROEPE EN STREEKBESTURE

R5.1 PLAASLIKE GRAANBEDRYFSTAKKE EN STUDIEGROEPE

Plaaslike Graanbedryfstakke en Studiegroepe se huishoudelike reëls maak voorsiening vir -

R5.1.1 die jaarlikse verkiesing van ‘n voorsitter, visevoorsitter en sekretaris;

R5.1.2 ten minste een vergadering van lede per jaar;

R5.1.3 die behoorlike notulering van verrigtinge op alle vergaderings.

R5. 2 Plaaslike Graanbedryfstakke en Studiegroepe reorganiseer jaarliks. By stigting of na afloop van die betrokke reorganisasie stel die betrokke sekretaris die hoofkantoor van GRAAN SA en in die geval van Plaaslike Graanbedryfstakke stel die sekretaris daarvan ook die sekretaris van die betrokke Streekbestuur, in kennis van die name en adresse van die verkose bestuur.

STREEKBESTURE

R5.3 'n Streekbestuur kies jaarliks op die eerste vergadering na sy samestelling, 'n dagbestuur uit sy geledere bestaande uit 'n voorsitter, visevoorsitter, sekretaris en 3 (drie) addisionele lede.

R5.4 ‘n Streekbestuur is bevoeg om tegniese en professionele adviseurs by sy verrigtinge te betrek, welke persone aan sodanige verrigtinge mag deelneem maar nie stemgeregtig is nie.

R5.5 Streekbesture vergader gereeld, maar minstens 1 (een) keer per jaar.

R5.6 'n Lid stel hom slegs vir een Streekbestuur beskikbaar, naamlik óf in die gebied waarin hy woonagtig is óf die gebied waarin hy graan vir bemarking produseer.

R6 PUBLIKASIES

MAANDBLAD

R6.1 Die amptelike tydskrif van GRAAN SA staan bekend as SA GRAAN/GRAIN

OUTEURSREG

R6.2 Alle literêre en artistieke materiaal wat aan GRAAN SA voorgelê word, word geag voorgelê te wees met die oog op publikasie daarvan deur GRAAN SA. By ontvangs van sodanige materiaal en voor publikasie daarvan dra die indiener daarvan sy outeursreg in sodanige materiaal skriftelik oor aan GRAAN SA en gee sodanige waarborge as wat GRAAN SA mag bepaal dat publikasie van die betrokke materiaal nie inbreuk maak op enige regte van derde partye nie.

R6.3 Geen persoon publiseer sonder die toestemming van die Hoofbestuur enige materiaal waarna in Regulasie R6.2 verwys word nie. Indien toestemming gegee word ingevolge hierdie Regulasie, dra die persoon aan wie sodanige toestemming gegee word sorg dat die nodige erkennings van sodanige feit gepubliseer word in die vorm en op die plek soos bepaal deur die Hoofbestuur.

R6.4 Outeursreg in die materiaal waarna in Regulasie R6.2 verwys word, word geag in GRAAN SA te setel sodra die skriftelike oordrag waarna in Regulasie R6.2 verwys word deur die indiener van die materiaal aan GRAAN SA gegee word.

R6.5 Nieteenstaande Regulasie R6.3, mag uittreksels uit materiaal waarvan GRAAN SA die outeursreg hou gereproduseer word sonder die voorafgaande toestemming van die Hoofbestuur, met dien verstande dat behoorlike erkenning aan GRAAN SA gemaak word.

R7 NOMINASIE EN VERKIESING VAN VOORSITTER, 2 (TWEE) VISEVOORSITTERS EN TWEE BENOEMDE KANDIDATE IN TERME VAN ARTIKEL 26(5) TYDENS KONGRES

R7.1 Die Voorsitter en twee Visevoorsitters van die Kongres word verkies deur al die stemgeregtigde afgevaardigdes teenwoordig op die Kongres by wyse van 'n geslote stemming.

R7.2 Die name van al die persone wat deur minstens 2 (twee) afgevaardigdes genomineer moet word, word op 'n kandidaatlys geplaas.

R7.3 Geen nominasie vir die amp van Voorsitter of Visevoorsitter sal geldig wees, tensy die genomineerde die nominasiebrief onderteken ten einde sy aanvaarding van die nominasie te bevestig nie.

R7.4 Indien geen persoon na die eerste stem proses tydens Kongres 'n volstrekte meerderheid stemme kry nie, word 'n maksimum van 5 (vyf) persone met die hoogste aantal stemme op die kandidaatlys geplaas vir 'n verdere stemming, met dien verstande dat -

R7.4.1 indien die verskil in die aantal stemme tussen die persoon wat die tweede meeste stemme gekry het en die persoon wat die derde meeste stemme gekry het, groter is as die totale aantal stemme uitgebring op die derde persoon en al die verdere kandidate laer af, daar net twee kandidate op die kandidaatlys geplaas word, of slegs drie indien 'n soortgelyke toets slaag ten opsigte van die gaping tussen die derde en vierde persoon, of slegs vier indien 'n soortgelyke toets slaag ten opsigte van die verskil tussen die vierde en vyfde persoon;

R7.4.2 indien by die verkiesing van die gemelde vyf kandidate vir die tweede stemming twee of meer persone 'n gelyke aantal stemme kry, sodat daar meer as vyf persone op die kandidaatlys sou wees, daar met die lot beslis word watter van die persone met gelykoptellings op die kandidaatlys geplaas word om die vyftal vol te maak vir die volgende stemming, onderhewig aan die toets in Regulasie R7.4.1 hierbo;

R7.4.3 indien by die tweede stemming geen kandidaat 'n volstrekte meerderheid stemme kry om verkose verklaar te word nie, word die een met die minste stemme (gelykoptellings word met die lot beslis) weggelaat, of word meer weggelaat, indien die toets in Regulasie R7.4.1 hierbo slaag wanneer toegepas op die verskil tussen die tweede en derde persone of tussen die derde en vierde persone, en 'n verdere stemming word gehou;

R7.4.4 daar herhaaldelik soos hierbo gestem word totdat 'n kandidaat 'n volstrekte meerderheid stemme behaal, wanneer hy as verkose verklaar word; maar indien daar in die geval van die laaste twee kandidate 'n staking van stemme is, beslis die lot.

R7.4.5 Volstrekte meerderheid is toepaslik by alle nominasies en verkiesingsprosesse vir:

7.4.5.1 Die Voorsitter en Vise-Voorsitters
7.4.5.2 Die Hoofbestuur
7.4.5.3 Die Dagbestuur
7.4.5.4 Die Voorsitters van Werkgroepe van die Hoofbestuur

R7.5 **AFWESIGHEID VAN VOORSITTER BY HOOFBESTUURVERGADERINGS**

In die afwesigheid van die Voorsitter tree die Visevoorsitter soos deur die Hoofbestuur vir die doel aangewys, op as Voorsitter. Indien albei afwesig is, sal die tweede Visevoorsitter as Voorsitter van die vergadering optree. Indien al 3 (drie) persone afwesig is, kies die Hoofbestuur 'n Voorsitter uit sy geledere vir die betrokke vergadering.

R7.6 **DRINGENDE SAKE VIR HANTERING DEUR VOORSITTER**

In alle sake van dringende aard tree die Voorsitter, en in sy afwesigheid die Visevoorsitter soos deur die Hoofbestuur vir die doel aangewys, na goeddunke in belang van GRAAN SA op, met dien verstande dat hy verslag doen aan die eersvolgende vergadering van die Hoofbestuur of Dagbestuur.

R7.7 **GASTE BY VERGADERINGS VAN HOOBESTUUR OF WERKGROEPE VAN HOOFBESTUUR**

Die Voorsitter mag in sy diskresie verteenwoordigers van ander organisasies of enige persoon of persone uit eie beweging of op hul versoek uitnooi of toelaat om enige vergadering van GRAAN SA by te woon en/of deel te neem aan die besprekings daarop. Sulke persone is egter onder geen omstandighede stemgeregtig nie.

R7.8 **KOÖPTERING IN HOOFBESTUUR OF WERKGROEPE VAN HOOFBESTUUR**

Die Voorsitter van die Hoofbestuur en die Voorsitters van die onderskeie Werkgroepe van die Hoofbestuur, het die reg om kundige persone tot die Hoofbestuur of Werkgroepe van die Hoofbestuur te koöpteer, met die voorbehoud dat:

7.8.1 Persone vir spesialiskundigheid in die Hoofbestuur gekoöpteer in terme van Regulasie 9 (Spesialisbediening), kwalifiseer slegs vir stemreg in die Werkgroepe van die Hoofbestuur.

7.8.2 Persone wie vir kundigheid (anders as Regulasie 9) in die Hoofbestuur gekoöpteer word, kwalifiseer nie vir stemreg in die Hoofbestuur nie.

7.8.3 Persone wie in die Werkgroepe van Hoofbestuur gekoöpteer word, kwalifiseer nie vir stemreg in die betrokke werkgroep nie.

R8 **KOMITEES/WERKGROEPE**

Komitees**/**werkgroepe van die Hoofbestuur doen van tyd tot tyd op die wyse bepaal deur die Hoofbestuur verslag aan die Hoofbestuur van hul bedrywighede en verrigtinge. Die Hoofbestuur wys die voorsitters van sodanige komitees/werkgroepe aan. Afskrifte van alle notules van komitees/werkgroepe, insluitende die van die Dagbestuur, asook sodanige stukke wat die Hoofbestuur van tyd tot tyd mag bepaal, word sonder versuim aan die lede van die Hoofbestuur beskikbaar gestel.

R9 SPESIALISBEDIENING

R9.1 Tydens Kongres sal afgevaardigdes in kommoditeitswegbreeksessies vergader om onder andere uit eie geledere ‘n ranglys van vyf persone saam te stel by wyse van stemming, waar die afgevaardigde met die hoogste getal stemme se naam eerste op die ranglys sal verskyn.

R9.2 Na die verkiesing van die Hoofbestuur , sal die Hoofbestuur by sy eerste vergadering na Kongres bepaal of daar in eie geledere voldoende kundigheid en verteenwoordiging rakende spesifieke graankommoditeite bestaan. Indien dit nie die geval is nie, koöpteer die Hoofbestuur volgens die ranglys, persone as spesialiskundige vir die bepaalde kommoditeit. Een persoon vir elk van die volgende kommoditeite kan gekoöpteer word, naamlik vir sonneblom, soja, grondbone, sorghum en wintergraan.

R9.3 Werkgroepe vir al die graan- en oliesade kommoditeite wie deur GRAAN SA verteenwoordig word, moet geaktiveer en in stand gehou word, om na die bedryfsbelange van die betrokke produsente om te sien. Spesialiswerkgroepe moet ten minste met twee geleenthede per jaar vergader.

R10 FINANSIES EN REKORDHOUDING

R10.1 REKENINGKUNDIGE REKORDS

Die boeke vir optekening van finansiële transaksies van GRAAN SA -

R10.1.1 moet in 'n veilige plek bewaar word en volledig en op datum gehou word, en moet jaarliks aan die ouditeur beskikbaar gestel word om 'n volledige oudit daarvan te doen; en

R10.1.2 moet te alle redelike tye beskikbaar wees vir inspeksie deur die Dagbestuur en deur ander persone wat na die mening van die Hoofbestuur 'n belang daarin het.

OUDITEUR

R10.2 By gebreke aan die aanstelling van 'n amptelike ouditeur van GRAAN SA, of indien die aldus aangestelde ouditeur om welke rede ookal nie die aanstelling opvolg nie, maak die Hoofbestuur die nodige aanstelling.

R10.3 Enige voorstel vir die vervanging van GRAAN SA se bestaande ouditeur moet as sodanig deur die Graan SA Ouditkomitee aan die Hoofbestuur en Kongres aanbeveel word.

R10.3.1 Die Kongres neem jaarliks besluite oor die aanstelling van 'n ouditeur en die goedkeuring van sy vergoeding,

BEGROTING

R10.4.1 Die Hoofbestuur keur jaarliks die begroting vir die GRAAN SA Groep goed, waarin die beoogde inkomste- en uitgawes vir die betrokke finansiële jaar aangetoon word.

R10.4.2 Die Hoofbestuur stel ook jaarliks die begroting vir die bedryfsheffing op, en word die begroting vir die bedryfsheffing jaarliks deur Kongres goedgekeur.

R11 ONTRUIMING VAN AMPTE IN HOOFBESTUUR

R11.1 Indien enige verkose lid van die Hoofbestuur vir enige rede as Hoofbestuurslid uittree of bedank, sal sodanige lid ook bedank uit enige amp wat hy as Hoofbestuurslid namens GRAAN SA beklee, behalwe in daardie gevalle waar die Hoofbestuur die persoon versoek om 'n termyn by 'n eksterne entiteit te voltooi.

R11.2 Indien 'n Hoofbestuurlid egter in terme van artikel 19 uit die Hoofbestuur moet tree, moet die persoon ook onmiddellik uit alle ampte waar hy Graan SA verteenwoordig het, bedank.

HOOFSTUK 3
DEFINISIE EN UITLEG

UITLEG

3.1 Die opskrifte in die Grondwet en die Regulasies vervat is slegs vir verwysingsdoeleindes en beïnvloed nie die uitleg of vertolking daarvan nie. By die uitleg van die Grondwet en die Regulasies dra elke woord in die eerste kolom van die onderstaande tabel die betekenis daarteenoor in die tweede kolom uiteengesit, tensy dit uit die inhoud of samehang blyk dat die betrokke woord 'n ander betekenis moet dra.

3.1.1 In die geval van 'n dispuut oor die vertolking van die Grondwet of Regulasies, in daardie geval sal die Afrikaanse weergawe van die Grondwet en die Regulasies dien as bron dokument.

WOORD	**BETEKENIS**
“Dae”	kalender dae, insluitend naweke en vakansie dae;
"GRAAN SA "	Graan Suid-Afrika;
"Kongres"	die jaarlikse algemene vergadering van afgevaardigde lede;
"Buitengewone Kongres"	‘n buitengewone algemene vergadering van afgevaardigde lede;
"Hoofbestuur"	die Hoofbestuur van GRAAN SA ;
"Dagbestuur"	die Dagbestuur van die Hoofbestuur;
"komitee/werkgroep"	‘n komitee of werkgroep van die Hoofbestuur;
"Voorsitter en Visevoorsitters"	die Voorsitter en 2 (twee) Visevoorsitters van die Kongres;
"Regulasies"	die Regulasies deur die Kongres goedgekeur en wat van tyd tot tyd deur die Kongres of ‘n Buitengewone Kongres, na gelang van die geval, gewysig, herroep of aangevul word;
"Plaaslike Graanbedryfstak”	‘n plaaslike graanbedryfstak van GRAAN SA wat ingevolge artikel 7 gestig word;
"Streekbestuur"	‘n streekbestuur van GRAAN SA;

"Studiegroep"	'n studiegroep vir ontwikkelende graanprodusente.
"Kworum"	'n meerderheid van die lede van die Kongres, Hoofbestuur, Werkgroep van Hoofbestuur, en/of Dagbestuur vorm 'n kworum.
"Konsensus"	Eenstemmigheid by Hoofbestuur.
"Volstrekte meerderheid"	50% plus een van stemgeregtigde afgevaardigdes teenwoordig by die Kongres, Hoofbestuur, Werkgroep van Hoofbestuur en/of Dagbestuur.
"Ontwikkelende graanprodusente"	Voorheen benadeelde graanprodusente van kleur

3.2 Tensy dit uit die samehang anders blyk, sluit -

3.2.1 woorde in die enkelvoud ook die meervoud in en omgekeerd;

3.2.2 woorde wat die manlike geslag aandui ook die vroulike geslag in;

3.2.3 woorde wat natuurlike persone aandui ook vennootskappe en regspersone in;